Hemel op aarde

Dr Petrus Moolman
In Covid-19 afsondering, Mei 2020

Alhoewel daar gereeld publikasies oor die hemel en die lewe in die hemel in Christelike boekwinkels verskyn, is dit die een onderwerp waaroor die Bybel redelik swyg. Dit gee aanleiding tot baie teorieë en spekulasies oor die lewe na die dood of die sogenaamde "tussentoestand". Dié benaming in sigself is ook nie 'n Bybelse begrip nie, maar is teorievormings na aanleiding van die spoedige wederkomsverwagtings wat by vroeë Bybelskrywers bestaan het. Dit verwys na die tydperk tussen 'n mens se dood en die wederkoms van Jesus. Oor laasgenoemde, en daarmee saam die verwysing na die opstandingsliggaam, bestaan daar ewe eens baie teorieë en spekulasies. Daar is selfs die teorie dat die lewe na 'n gelowige se afsterwe iets is wat alleenlik in ons gedagtewêreld leef. Ek het al gehoor mense sê dat dat die hemel of die hel ''in jou kop" is. Jy hoor ook dikwels van iemand wat baie probleme ervaar en dan beweer dat hulle waarskynlik nie hel toe sal gaan nie omdat hulle reeds hulle "hel op aarde" beleef het. Ek al het gewonder of die uitdrukking "hemel op aarde" nie ook dalk 'n soortgelyke oorsprong het nie. Dié uitdrukking, so wil dit lyk, verwys na iemand se buitengewone geluk of bevoorregting, terwyl ander nie dieselfde beleef nie.

Baie van ons sal waarskynlik al gesê het: "Na Covid-19 se inperking sal 'n bietjie vryheid darem 'hemel op aarde' wees!". Dit verwoord 'n diepe versugting om iets van wat in ons gedagtewêreld oor die hemel gesê sou kon word. Totale vryheid, rustigheid, vrede. Wat ons oor die hemel dink is grootliks mensegedagtes en nie gebaseer op Bybelse gegewens nie. 'n Versugting soos dat die "hemel op aarde" sal wees, is 'n blote versugting na 'n stukkie dood-normale vryheid en ongebondenheid. Om te kan beweeg waar jy wil, te kan koop wat jy wil en by die winkel van jou keuse. Wat ons tans beleef is eintlik skrikwekkend teen-natuurlik en het selfs die neiging om mense emosioneel diep te verwond. Dit is dus normaal en geensins buitengewoon om sugtend te smag na 'n porsie van "hemel op aarde" nie.

Tog verwoord die uitdrukking ook 'n betekenisvolle werklikheid, veral in die betekenisveld van wat die Bybel "ewige lewe" noem. Vir baie mense is ewige lewe primêr 'n verwysing na wat ons dink ons verskuiwing na ons hemeladres alles sal inhou. Daarom steur sommige

hulle ook nie aan die tweede belangrike betekenis nie, naamlik ‘n demonstratiewe “hemel op aarde” lewe. Dit is die praktiese lewe van die Christengelowige. Hierdie betekenisinhoud van die Bybelse “ewige lewe” is vir my persoonlik in Bybelse konteks, waarskynlik die belangrikste. Terwyl die Bybel skraps is aan inligting oor die lewe ná die dood, is die Bybel deurlopend besig met ‘n fokus op die lewe vóór die dood. In die laaste bydrae het ek die uitdrukking ons lewe “in die lyf van Jesus” gebruik om te verwys na ons lewe as kerk en ledemate van Jesus se Liggaam. Dit is juis die ewige lewe in ons, wat die gelowige kind van Jesus onderskei van iemand wat nie in Christus lewe nie. Wanneer ons oor ons lewe as gelowiges praat, verwys ons na niks minder nie as ‘n voorbeeld van “hemel op aarde”. Ons demonstreer iets van ons geloofsandersheid, wat ons onderskei van ons eie lewe as onverloste sondaars, voordat ons deel geword het van die ewige lewe. Dit is asof ons iets van die hemeladres wat ons reeds besit, aan die wêreld rondom ons afgee. Iets wat ons *nie* soos vir die Cornonavirus bang is om mense te laat kry nie. Ons wil *juis* hê dat mense iets van die “hemel” moet ervaar. Daarom dra ons nie Christelike “maskers” nie. Wat die wêreld sien en beleef is die egte belewenis van ‘n stukkie hemel. As ek die Bybel reg verstaan, is dit immers presies wat Christus deur sy Liggaam in die wêreld wil bereik.

Dit behoort ‘n interessante Bybelsreiservaring te wees om vanuit hierdie perspektief na sekere gedeeltes in die Bybel te gaan kyk. Dit is vanuit die hemel op aarde gesigspunt daarom belangrik dat die bergrede (Matt 5-7) nie ‘n blote Christelike ideaalsiening van die gelowige se lewe op aarde is nie. Dit is hoe Jesus ons hemel op aarde kwaliteit as lewenspraktyk Homself voorstel. In die saligsprekinge (Matt 5:3-12) spel Jesus hierdie bevoorregting en andersheid van sy kinders uit. Hy noem hulle “baie gelukkig”, want hulle besit hierdie kwaliteit – die vraag is of hulleself dit elke dag regtig glo! Hulle ervaar en lééf ‘n sukkie hemel op aarde juis omdat hulle volledig ervaar hoe afhanklik hulle van God is; hoe hulle ‘n traan biggel oor die stukkendheid van die aarde; wanneer hulle nie met brute krag die stukkende wêreld binneval om sake te verander nie, maar dit met sagte waagmoed doen; wanneer hulle alles in hulle vermoë doen om geregtigheid te laat gebeur; wanneer hulle met die hartsingesteldheid van Jesus barmhartigheid verleen, sodat die wêreld in nood die liefde van Jesus persoonlik aanvoel – net omdat hulle dáár is vir die stukkende wêreld; wanneer hulle sonder dat hulle aandag afgetrek word, net één fokus het, en dit is Jesus en sy koninkryk; wanneer hulle ten alle koste vrede probeer bereik wanneer onvrede beheer

geneem het; wanneer hulleself aan die korste end trek en vervolg word omdat hulle net op Jesus en sy Koninkryk fokus. En dit is maar net die inleiding van die bergrede! Gaan bestudeer self die res vanuit ‘n hemel op aarde perspektief – iets wat ons wil hê aan die wêreld om ons moet afgee. Dieselfde geld vir kwaliteitslyste soos die vrug van die Gees in Galasiërs 5:22. Ook ten opsigte van ons verhouding met mense wat anders as ons lyk en is, in Efesiërs 2:11-22. Ons verhouding binne die huwelik as man en vrou met ons kinders in die die res van Efesiërs. Die beeld wat die kerk na buite uitstraal as Liggaam van Christus in Romeine 12 en 1 Korintiërs 12. Die eenheidsgestalte van die kerk in Efesiërs 4 en in die gebed van Jesus in Johannes 17. Blaai gerus die Nuwe Testament deur en lees dit vanuit hierdie hemel op aarde perspektief.

Hemel op aarde is eintlik nie net ‘n versugting nie. Vir die kind van die Here is dit ‘n lewenswyse. En hierdie lewenswyse is nie wat net van toepassing is wanneer dit met ons goed gaan nie. Ek het ‘n vriend in die SA Lugmag gehad wat dikwels, wanneer dit bewolk en reënerig is en ons ‘n vlieënierskollega op die basis raakloop wat nie op daardie oomblik vlieg nie, gemoedelik sou skerts: “Is jy ‘n “fair weather pilot”? Ons hemel op aarde lewenswyse is nie ‘n mooiweer verskynsel nie. Dit is sigbaar in alle omstandighede.
Dit laai nogal ons versugting met ‘n heel ander inhoud wanneer ons sou sê: “Na Covid-19 se inperking sal ‘n bietjie vryheid darem ‘hemel op aarde’ wees!”, nie waar nie?